



Kry gemoedsrus oor jou inkomste

Ouer mense wat van hul spaargeld moet begin leef, moet deeglik besin oor watter soort inkomste hulle met hul belegging gaan koop. Daar is 'n keuse tussen 'n gewaarborgde inkomste sonder bekommernisse oor markskommeling of 'n inkomste waar jy self die beleggingsrisiko gaan dra.

Voorheen het ek in hierdie rubriek gekyk na beleggings in moeilike tye en veral na die belangrikheid van 'n diverse samestelling van bateklasse, waaronder aandele indien jy groei wil hê. Indien jy werklik beleggingsgroei wil hê en jy het tyd aan jou kant, is dit onwys om nie 'n goeie deel van jou totale portefeulje in aandele te belê nie.

Kom ons kyk na 'n ouer mens – die een wat nie meer tyd aan sy kant het vir groeibates wat in een jaar hoog en die ander jaar laag kan wees nie. Ons praat van die mens wat by die punt in sy lewe gekom het waar hy van sy spaargeld moet begin leef.

Ons het min of meer met twee soorte beleggings te doen. Die eerste is 'n spesifieke aftreefonds waarin jy vir aftrede gespaar het. Die tweede is wat ons diskresionêre geld noem. Jy het jou geld oor jare belê, of jy het 'n vaste bate, soos 'n plaas, verkoop en nou moet jy die kapitaal belê vir 'n inkomste.

As jou spaargeld uit 'n aftreefonds of uit-tree-annuïteit kom, is jy verplig om dit te gebruik om vir jou 'n pensioen aan te koop. Jy kan kies tussen 'n lewende annuïteit of 'n

lewensannuïteit. In die geval van die lewende annuïteit het jy geen waarborge nie en jy kan self jou batesamestelling bepaal. Jy kan ook self jou jaarlikse inkomste bepaal, naamlik 2,5% tot 17,5%.

Jy dra self die volle risiko van die belegging. Indien jy meer onttrek as die groei wat jy kry, is jy besig om jou kapitaal te verweer. Waak daarteen, want jy wil beslis nie hê jou geld moet voor jou “tot sterwe kom” nie.

Lewensannuïteite verskaf gewaarborgde inkomste tot by dood en in sommige gevalle selfs daarna. Die grootste verskil is dat jou inkomste gewaarborg is en dat jy jou nie oor markskommeling hoeft te bekommer nie.

Ek hoor soms mense sê dat jou geld “weg” is by dood in die geval van 'n lewensannuïteit en “ek wil graag iets vir my kinders nalaat”. Mens, sorg eers vir jouself. As jou geld uitgeput is, gaan jy op jou kind se nek moet lê vir oorlewing, laat staan nog geld nalaat.

Met die gewaarborgde opsie (lewensannuïteit) gebruik jy jou geld om vir jou 'n lewenslange inkomste te koop. Dit is net soos enigiets anders wat jy koop. Jy gee jou geld en ek gee vir jou 'n motor of 'n yskas.

In hierdie geval koop jy egter inkomste, asook gemoedsrus.

GEVALLESTUDIE

Hier is 'n voorbeeld van 'n paar opsies in die geval van 'n lewende annuïteit vir 'n man wat 60 jaar oud is en R3 miljoen beskikbaar het (die inkomstesyfer verander weekliks).

Die inkomste wat lewenslank jaarliks met inflasie styg, begin met R15 603,11 per maand. As jy 'n inkomste kies wat nie met inflasie tred hou nie, is die inkomste lewenslank R23 633,83 per maand.

In die tweede geval word diskresionêre geld gebruik – dit kom dus nie uit 'n aftreefonds nie. Jy kan nie 'n lewensannuïteit met diskresionêre geld koop nie, maar jy kan 'n gewaarborgde vrywillige annuïteit koop met soortgelyke waarborge en gemoedsrus.

In die geval van 'n sestigjarige man met 'n belegging van R3 miljoen lyk die prentjie só: 'n Maandelikse inkomste van R17 090,80 wat jaarliks met inflasie styg, of 'n maandelikse inkomste van R26 941,92 wat lewenslank dieselfde bly.

In albei voorbeelde is die kapitaal “weg” in die sin dat jy 'n gewaarborgde lewenslange inkomste daarmee gekoop het. Jy kan egter 'n gade byvoeg, in welke geval die inkomste sal uitbetaal tot met die dood van die langslwende gade.

Daar is ander waarborge ook, maar uiteraard is daar 'n koste-element aan elkeen verbonde wat die inkomstebedrag sal verminder. Soos in alle gevalle waar dit om jou finansiële lewe gaan, is dit noodsaaklik om die regte finansiële raad te kry voor jy enige geldbesluite neem. **LBW**

Mnr. Nico van Gijsen is 'n gesertifiseerde finansiële beplanner, belastingpraktisyn, lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiële risiko-bestuursmaatskappy.

➤ NAVRAE: Mnr. Nico van Gijsen,
e-pos: nico@finlac.com, 021 461 2067.